education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## GESKIEDENIS

## MODELVRAESTEL

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n 14 bladsy-bylae.**

**148 0 A**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1.1 Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk vir 2006 soos volg:

VRAAG 1: SLAWERNY
VRAAG 2: DIE SOEKE NA VRYHEID
VRAAG 3: DIE INDUSTRIËLE REWOLUSIE
VRAAG 4: VERANDERINGE IN SUIDER-AFRIKA TUSSEN 1750 EN 1850

2. Elke vraag tel 50 punte en begin met 'n sleutelvraag.

3. Kandidate moet enige DRIE van die vier vrae beantwoord. Elke vraag bestaan uit beide brongebaseerde vrae wat 30 punte tel en 'n skriftelike stuk wat 20 punte tel.

4. Leerlinge se antwoorde moet die toepassing van kennis, vaardighede en insig demonstreer.

5. Leerlinge wat slegs die bronne oorskryf in die beantwoording van die vrae sal benadeel word.

6. Skryf netjies en leesbaar.

.

**Die volgende Leeruitkomste en Assesseringstandaarde word in hierdie modelvraestel geassesseer:**

| **Leeruitkomste** | **Assesserinstandaarde**<br><br>**Die vermoë van die leerder om die volgende te doen:** |
|---|---|
| **Leeruitkomste 1** | • Uittrek van relevante inligting en data uit die bronne en organiseer dit logies<br>• Bestudeer inligtingsbronne om hul bruikbaarheid vir die taak te beoordeel |
| **Leeruitkomste 2** | • Verduidelik historiese konsepte<br>• Identifiseer die sosio-ekonomiese en politieke magsverhoudinge wat in samelewings werksaam is<br>• Verduidelik hoekom daar verskillende vertolkings van geskiedkundige gebeure, mense se optrede en veranderinge bestaan |
| **Leeruitkomste 3** | • Verstaan en herlei statistiese inligting (data) na grafiese of geskrewe inligting<br>• Beplan en konstrueer 'n argument op grond van bewyse<br>• Gebruik die bewyse om 'n gevolgtrekking te maak<br>• Kommunikeer kennis en begrip skriftelik |

**Kandidate moet na die volgende twee vlakke verwys wanneer hulle die uitgebreide geskrewe vraag beantwoord.**

| **VLAKKE VAN VRAE** |
|---|
| **VLAK 1**<br>• Bespreek of verduidelik na aanleiding van 'n gegewe argument wat in die skriftelike stuk gegee is |
| **VLAK 2**<br>• Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse. Gebruik die bewyse om 'n slotsom te bereik<br>• Kommunikeer die argument duidelik, logies en samehangend |

**VRAAG 1: SLAWERY**

**<u>WAT WAS DIE VERBINTENIS TUSSEN DIE ATLANTIESE SLAWEHANDEL EN RASSISME</u>?**

Gebruik Bronne 1A, 1B en 1C om die volgende vrae te beantwoord:

1.1 Bestudeer Bron 1A

(a) Wat dink jy was die rede hoekom Olaudah flou geval het? (2 x 2) (4)

(b) Verduidelik hoekom wit mense vir Olaudah 'so savage' gelyk het. (1 x 2) (2)

(c) Beskryf die toestande onder die dekke. (2 x 1) (2)

(d) 'Ek het nou gewens dat die dood my kon verlos.'

Hoekom dink jy het Olaudah so gevoel? (1 x 3) (3)

1.2 Verwys na Bron 1B.

(a) Verduidelik jou respons op die illustrasie van David Livingstone. (1 x 3) (3)

(b) Hoe bruikbaar dink jy is die skets vir 'n geskiedkundige wat die tydperk van die slawehandel bestudeer? (1 x 2) (2)

1.3 Gebruik Bron 1C.

(a) Volgens hierdie bron, hoe dink jy het eienaars hul slawe beskou? (2 x 2) (4)

(b) Uit die illustrasies, watter indrukke het jy van die slawehandelaars? (3 x 1) (3)

1.4 Vergelyk bronne 1A en 1C. Verduidelik die ooreenkomste tussen Olaudah se ervarings met die illustrasies in bron 1C. (2 x 2) (4)

1.5 Verwys na bronne 1A, 1B en 1C. Hoekom dink jy is die menseregte van slawe geskend? (3)

1.6 Beskryf die impak van die slawehandel op die lewens van die Afrikane. Gebruik al die bronne en jou eie kennis om jou argument te staaf. (20)

**OF**

1.7 Gebruik al die bronne en jou eie kennis om 'n kort artikel van ongeveer 20 reëls (ongeveer 200 woorde) vir jou skool se koerant te skryf waarin jy jou mening gee hoekom die Atlantiese slawehandel tot die rassistiese houding teenoor swartes, wat vandag nog 'n probleem is, bygedra het. (20)
**[50]**

## VRAAG 2: DIE STEWE NA VRYHEID

### 2.1 <u>HOE HET DIE AMERIKAANSE VRYHEIDSOORLOG DIE OU MAGSBASIS BETWIS</u>?

Gebruik Bronne 2A, 2B en 2C om die volgende vrae te beantwoord:

2.1.1 Gebruik Bronne 2A en 2B.

(a) Wat, volgens die bron, het Amerikaners as hulle vanselfsprekende regte beskou? (2 x 1) (2)

(b) Verduidelik hoe regerings hul mag om te regeer, verkry. (1 x 2) (2)

(c) Hoekom is die Onafhanklikheidsverklaring opgestel? (1 x 2) (2)

(d) Verduidelik hoekom daar die stryd teen Brittanje was. (1 x 2) (2)

(e) Watter belangrike beginsels van die Onafhanklikheidsverklaring kan, na jou mening, ondersteun word? (1 x 2) (2)

(f) Gebruik jou eie kennis en inligting uit die bronne en verduidelik watter invloed die Onafhanklikheidsverklaring op mense elders in die wêreld gehad het. (1 x 2) (2)

2.1.2 Verwys na Bron 2C. Watter VIER redes word in die Aanhef vir die skryf van die Grondwet gegee? (4 x 1) (4)

2.1.3 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n opstel van ongeveer 20 reëls (omtrent 200 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Amerikaanse Vryheidsoorlog die ou magsbasis betwis het en die weg vir die skryf van 'n nuwe grondwet vir die Verenigde State van Amerika gebaan het. (20)

**OF**

Kopiereg voorbehou

2.1.4 Verduidelik die redes vir die Amerikaanse Onafhanklikheidsverklaring.
Gebruik relevante inligting uit die bronne en jou eie kennis om jou argument te staaf. (20)

**2.2 <u>WAT WAS DIE TOESTANDE IN FRANKRYK VOOR DIE REWOLUSIE</u>?**

Gebruik Bronne 2D, 2E en 2F om die volgende vrae te beantwoord:

2.2.1 Bestudeer Bron 2D.

(a) Verduidelik waarom die mense van Frankryk ongelukkig was. (2 x 1) (2)

(b) Watter bewyse is daar dat Frankryk met grondwetlike veranderings besig was? (2 x 2) (4)

2.2.2 Gebruik Bron 2E.

(a) Gebruik jou eie woorde en verduidelik wat Lodewyk XV1 bedoel het met sy uitspraak: 'Ek is die staat' ('I am the state'). (1 x 2) (2)

(b) Verduidelik die begrip *absolute monarg*. (1 x 2) (2)

2.2.3 Vergelyk bronne 2E en 2F. Watter verskille in die begrip van magword deur hierdie bronne uitgedruk? (2 x 2) (4)

**[50]**

**VRAAG 3: DIE INDUSTRIËLE REWOLUSIE**

**WAT WAS DIE TOESTANDE VAN DIE WERKENDE KLAS IN BRITTANJE GEDURENDE DIE INDUSTRIËLE REWOLUSE?**

Gebruik bronne 3A, 3B en 3C om die volgende vrae te beantwoord:

3.1 Lees deur Bron 3A.

(a) Beskryf die toestande van die huis waarin die kinders gebly het. (2 x 1) (2)

(b) Wat kan jy van die kinders uit die sin 'hulle klere was slegs toiings wat met tou vasgebind is', leer? (1 x 2) (2)

3.2 Watter bewyse is daar in Bron 3A wat 'n aanduiding is dat die kinders geen onderrig ontvang het nie? Noem TWEE voorbeelde. (2 x 2) (4)

3.3 Hoe gepas is die titel 'onkunde' ('ignorance')? (2 x 2) (4)

3.4 Verwys na Bron 3B.

(a) Watter boodskap dra hierdie bron oor? (1 x 2) (2)

(b) Hoekom, dink jy, het hulle kinderarbeid gebruik? (1 x 2) (2)

3.5 Lees Bron 3C noukeurig deur. Hierdie bron verwys na die inwoners van vyf huise in Cherry Tree Yard. Trek die tabel hieronder in jou antwoordeboek oor. Kies twee huise en gebruik die inligting uit die sensus om die volgende vrae oor die inwoners te beantwoord.

| **Huisasdres** | **Familiestruktuur** | **Beroepe** | **Ekonomiese status** |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |

(2 x 3) (6)

3.6 Watter addisionele inligting verskaf Bronne 3A en 3B omtrent die familielewe en kinders wat Bron 3C nie gee nie? (2 x 1) (4)

3.7 Verduidelik wat hierdie bronne ons van die beheer wat werknemers tydens die Industriële Rewolusie oor kinders gehad het, vertel. (2 x 2) (4)

3.8 Tydens die Industriële Rewolusie is beamptes deur die plaaslike rade aangestel om verslag te doen oor die lewenstandaarde van die arm mense in die distrik.
Volgens hierdie stelling, bespreek die sosiale en ekonomiese toestande in Leeds tydens die Industriële Rewolusie. (20)

**OF**

3.9 Beskryf die toestande van die werkersklas, insluitende kinders, in Brittanje tydens die Industriële Rewolusie.
Gebruik die relevante inligting in hierdie bronne asook jou eie kennis om jou argument te ondersteun. (20)
**[50]**

**VRAAG 4: VERANDERINGS TUSSEN 1750 EN 1850**

**HET DIE MFECANE SUID-AFRIKA IN DIE 1800's VERANDER?**

Gebruik bronne 4A, 4B en 4C om die volgende vrae te beantwoord:

4.1 Verwys na Bron 4A.

(a) Watter beeld van Shaka het die vroeë historici gehad? (1 x 2) (2)

(b) Watter uitwerking het die Mfecane, volgens historici, op die swart kapteins gehad? (3 x 1) (3)

(c) 'Die Voortrekkers het onbetwiste grondgebied binnegeval.' Verduidelik of jy dink dat hierdie stelling oor 'onbetwiste grondgebied' geregverdig is. Verduidelik jou antwoord. (1 x 3) (3)

(d) Kan jy historici wat die Mfecane wil regverdig ondersteun? Verduidelik jou antwoord. (1 x 3) (3)

(e) In die 1990's het die meeste historici gevoel dat Shaka nie alleen vir die Mfecane verantwoordelik was nie. Gee DRIE redes vir hierdie stelling. (3 x 1) (3)

4.2 Gebruik Bron 4B.

(a) Verduidelik Cobbing se argument ten gunste van die Mfecane. (1 x 2) (2)

(b) 'Blanke toetrede tot Suider-Afrika het nadelige gevolg vir swart gemeenskappe gehad. Gebruik jou eie kennis en begrip van die Mfecane om te verduidelik hoe korrek hierdie stelling is. (2 x 2) (4)

(c) Hoe bruikbaar dink jy is Cobbing se stelling oor die Mfecane vir 'n geskiedkundige wat die tydperk van die Mfecane bestudeer? (1 x 2) (2)

4.3 Verwys na Bronne 4A en 4B. Verduidelik die verskillende interpretasies van die Mfecane. (4)

4.4 Verwys na Bron 4C.

(a) 'Die kind was slegs 'n geraamte en kon nie eens staan weens sy swak toestand nie.' Verduidelik jou respons oor sulke kindermishandeling. (2 x 2) (4)

4.5 Tydens die 1820's en 1830's was slawehandel en slaweaanvallers vir migrasie en oorloë wat met *Mfecane* geassosieer word, verantwoordelik. Stem jy saam met hierdie argument? Kies relevante inligting om jou standpunt te ondersteun. (20)

**OF**

4.6 Bespreek die interne en eksterne faktore wat tot *Mfecane* bygedra het. Kies relevante inligting uit al die bronne om jou argument te ondersteun. (20)
**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

# ADDENDUM 2006
# GESKIEDENIS

## VRAAG 1: SLAWERNY

**WAT WAS DIE VERBINTENIS TUSSEN DIE ATLANTIESE SLAWEHANDEL EN RASSISME?**

### BRON 1A

Hierdie is 'n aanhaling uit Olaudah Equiano se outobiografie. Hy vertel van sy ervaringe toe hy gevange geneem is in 'n dorpie in Nigerië (Afrika) en as slaaf aan boord van 'n skip na Amerika geneem is.

> Ek was nou vas oortuig dat ek my in 'n wêreld van bose geeste bevind het en dat hulle my sou doodmaak. Ook hul gelaatskleur, so anders as ons eie, hul lang hare, en die taal wat hulle gepraat het, het meegewerk om hierdie geloof te versterk. Heeltemal deur afgryse en angs vervul, het ek beweginloos en flou op die dek neergeval. Toe ek ietwat herstel het, was daar 'n paar swart mense om my, wat ek gemeen het van die was wat my aan boord gebring het en hul betaling ontvang het. Ek het hulle gevra of daardie wit mans ons nie gaan eet nie. Hulle het gesê nee. Kort hierna het die swartes wat my aan boord gebring het, vertrek en my in wanhoop agtergelaat ... Ek het van my eie nasie gevind en navraag gedoen oor wat met ons sou gebeur. Hulle het my laat verstaan dat ons na hierdie wit mense se land vervoer sou word en daar vir hulle sou werk. Ek het ietwat herstel maar nog steeds gevrees dat hulle my sou doodmaak. Hierdie wit mense het so wreed gelyk (soos barbare).
>
> Ek is gou onderdek geplaas. Daar was so 'n aaklige stank soos ek nog nooit geruik het nie. Almal het gehuil en ek was gou te ongelukkig om te eet of vir enigiets anders as die dood te wens.

### BRON 1B


Hierdie is 'n skets deur die Britse sendeling en ontdekkingsreisiger, David Livingstone. Dit wys hoe slawe wat te swak was, agter gelaat is om dood te gaan.




**BRON 1C**

Die eerste skets wys hoe honderde mense in 'n klein skip gepak is om oor die Atlantiese Oseaan vervoer te word. So 'n vaart het amper 14 maande geduur. Die tweede is 'n foto wat wys hoe slawe aan boord geslaap het.

**SKETS**



**FOTO**



**VRAAG 2: DIE SOEKE NA VRYHEID**

**2.1 <u>HOE HET DIE AMERIKAANSE ONAFHANKLIKHEIDSVERKLARING DIE OU MAGSBASIS BETWIS</u>?**

**BRON 2A**

Hierdie is 'n uittreksel wat die redes vir die Onafhanklikheidsverklaring verduidelik. Dit kom uit Mary Evans Pictrue Library, in *The American Revolution* deur D. Winterbottom.

**Die Onafhanklikheidsverklaring**

In 19776 het 'n groep welgestelde grondeienaars en politieke leiers van die dertien kolonies in Philadelphia bymekaar gekom om die beroemde Onafhanklikheidsverklaring op te stel. Die sterk boodskap van vryheid en gelykheid was daarop gemik om die verskillende blanke groepe in die Amerikaanse samelewing in die stryd teen Brittanje te verenig. Ewe sterk was die oproep na 'n nuwe soort patriotisme: Amerikaanse setlaars moes hulself as een 'Amerikaanse volk' sien - burgers van 'n nuwe republiek gegrond in die beginsels van vryheid, gelykheid en demokrasie.



**BRON 2B**

Hierdie is 'n uittreksel uit die Verklaring van 1776 in *The American Revolution*, deur D. Winterbottom. Op 4 Julie het 56 manlike verteenwoordigers van die 13 kolonies 'n dokument onderteken waarin hulle hul behoefte om van Brittanje onafhanklik te wees, geteken het.

'Ons beskou hierdie waarhede as vanselfsprekend: dat alle mense gelykwaardig geskep is en deur hul skepper met sekere onvervreembare regte toegerus is; dat lewe, vryheid en die nastreef van geluk hieronder val; dat regerings onder mense ingestel is om hierdie regte te waarborg en dat regerings hul mag om regverdig te regeer, verkry van die wat regeer word; dat, wanneer enige vorm van regering hierdie doelstellings in gevaar begin stel, dit die reg van die mense is om dit te verander of af te skaf en 'n nuwe regering in te stel wat op sodanige beginsels gegrond is, en die magte van die regering op sodanige manier te organiseer dat hul veiligheid en geluk die waarskynlikste verwesenlik sal word.

**BRON 2C**

Die Aanhef tot die Grondwet van die Verenigde State.

Ons, die mense van die Verenigde State, ten einde 'n volmaakter Unie te vorm, geregtigheid in te stel, binnelandse vrede te verseker, vir gesamentlike verdediging voorsiening te maak, en om die algemene welsyn te bevorder en die voordele van vryheid vir onsself en ons nageslagte te verseker, roep hiermee die Grondwet van die Verenigde State van Amerika in die lewe.

Kopiereg voorbehou 

## 2.2 WAT WAS DIE OMSTANDIGHEDE IN FRANKRYK VOOR DIE REOLUSIE?

**BRON 2D**

Dit is 'n uittreksel uit '*The Execution of Louis XVI*, *1793*'- Eyewitness to History, www.eyewitnesstohistory.com (1999).

Louis XVI, koning van Frankryk, het homself op die verkeerde tydstip op die verkeerde historiese plek bevind en was gou oorweldig deur gebeurtenisse buite sy beheer. Toe hy in 1774 die kroon bestyg het, het Lodewyk 'n koninkryk geërf wat bykans op die rand van bankrotskap was weens die oordaad en praalsug van sy voorgangers, Lodewyk XIV en WV. Na Lodewyk XVI se kroning het dinge nog verder vererger. Die ekonomie het vinnig agteruitgegaan (werkloosheid in Parys is in 1788 op 50% geraam), die oeste het misluk, en die prys van brood en ander voedsel het die hoogte ingeskiet. Die mense was nie gelukkig nie. Boonop het Lodewyk die fout begaan om met 'n buitelander, die Oostenrykse Maria Antoinette, te trou. Die woede van die Franse volk, aangevuur deur vreemdelingehaat, was toegespits op Marie as die hoofoorsaak van hul probleme.

In 1788 is Lodewyk gedwing om die Franse Nasionale Volksraad weer in te stel, wat die koning se mag vinnig aan bande gelê (beperk) het. In Julie 1789 het die inwoners van Parys die gehate tronk by die Bastille bestorm. Die gewone mense het gevoel dat die mag nou aan hulle kant was, en het dit reg-gekry om Lodewyk en sy gesin gevange te neem. Lodewyk het in 1791 probeer ontsnap, maar is gevang en na Parys teruggebring. In 1792 het die pas verkose Nasionale Konvensie Frankryk tot 'n republiek verklaar en Lodewyk aangekla vir misdade teen die volk.



**'n Skildery van Louis XVI**

**BRON 2E**

Dit is 'n beskrywing van die lewe in Frankryk gedurende die heerskappy van Louis XVI.

**'Ek is die staat'**
Koning Lodewyk XIV (1643-1715)

**'Ons ontvang ons kroon slegs van God'**
Lodewyk XV (1715-1774)

**'Die mag om wette te maak, behoort net aan my'**
Lodewyk XVI (1774-1793)

Dit is verklarings wat deur Franse konings gemaak is. Frankryk was 'n absolute monargie. Dit beteken dat die koning die reg gehad het om alle aanstellings te doen, alle besluite te neem, en alle wette te maak. Hy het ook die reg gehad om vergaderings van die Nasionale Volksraad, die verteenwoordigende liggaam van al die mense in Frankryk, te belê. Dit het egter reeds vir 175 jaar lank nooit gebeur nie! Dit was eers toe Frankryk in 1789 voor 'n groot finansiële krisis te staan gekom het, dat die koning, Lodewyk XVI, 'n vergadering van die Nasionale Volksraad byeengeroep het.

**BRON 2F**

'n Uittreksel uit die werke van die filosoof Rosseau, gepubliseer in 1775, wat later deur die regering verban is.

Die mens is vry gebore. Niemand het enige natuurlike gesag oor sy medemens nie; die mag op sigself verleen nie sodanige reg nie; die mag om wette te maak; behoort aan die volk en net aan die volk.

## VRAAG 3: DIE INDUSTRIËLE REVOLUSIE

**WAT WAS DIE OMSTANDIGHEDE VAN DIE WERKERSKLAS IN BRITTANJE GEDURENDE DIE INDUSTRIËLE REVOLUSIE?**

### BRON 3A

Angus Bethune Reach, wat hierdie artikel geskryf het, was 'n ondersoekende joernalis by die Britse koerant, Morning Chronicle in die 1840's. Die gevallestudie het betrekking op Leeds, 'n snelgroeiende industriële stad in Engeland in 1849.

Gevallestudie 2: Onkunde

In nog 'n huis, baie naby aan die vorige huis, het ek drie kinders aangetref wat aan hul eie lot oorgelaat was. Die plek was vieslik vuil; die paar meubelstukke wat daar was, was gebreek en is oral rondgegooi - die onopgemaakte bed was van bruin lappe - die koppies was gebars en sonder handvatsels, vuilgesmeer met koffiemoer, op die vloer, tussen vol emmers vuil water en langs 'n groot bruin bord vol deeg wat rys, waarop die stof en as vinnig begin versamel het, aangesien die bord by die vuurherd gestaan het. Die vuil venster en die dowwe lig van die wintermiddag het die plek so donker gemaak dat ek dit alles net met moeite kon uitmaak. In die middel van die alles, was daar drie kinders wat soos wilde wesentjies gelyk het - hulle hare was saamgekoek in vullis en het in slierte oor hul smerige gesiggies gehang. Hulle klere was van stukke lap, wat deur toue aanmekaar gehou is. Hulle hoef net hul skouers te gewikkel het, en hulle klere sou binne 'n oomblik van hul afglip het.

Ek het hulle gevra of hulle al ooit skool toe gegaan het – 'Nooit nie.' Ken jy jou letters? (Kan jy lees?) - en hulle het my verstom aangestaar. Hoe oud is jy? het ek die oudste meisie gevra – 'Weet nie.' Weet jy wat die koningin se naam is? – 'Nee.' Waar is jy gebore? – 'Weet nie.' Die beampte wat by my was, het gesê dat hy van mening was dat die gesin Iers was. Het jy al ooit gehoor van 'n plek met die naam Ierland? 'Nee.' Of van 'n plek met die naam Engeland? – 'Nee.' Of van 'n plek met die naam Yorkshire? – 'Nee.' Ken jy die naam van hierdie dorp?

Na 'n rukkie stilte, is die vraag beantwoord. Die oudste meisie het geweet dat sy in Leeds woon, en hierdie kennis, met die uitsondering van die besonderhede van hulle daaglikse bestaansroetine, was klaarblyklik die enigste brokkie inligting waaroor hierdie gesin beskik het ...

Kopiereg voorbehou 

**BRON 3B**

Hierdie foto toon sommige van die kinders wat gedurende die Industriële Revolusie in Brittanje as kinderarbeid in myne en fabrieke gebruik is. Hulle is waarskynlik jong seuns van die myne.



**BRON 3C**

Dit is 'n uittreksel van 'n sensus wat in 1851 in Leeds uitgevoer is. Tydens 'n sensus, word al die mense in die land op 'n spesifieke dag getel.

| Straatnaam - en nommer | Naam en van van elke persoon in die huis | Verwantskap tot hoof van gesin | Toestand | Oudedrom | | Rang, Professie of Beroep | Waar gebore |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | Manlik | Vroulik | | |
| Cherry Tree Yard 7 | Patrick O'Donnell | Hoof | Getroud | 24 | | Smous van ysterware (verkoop goedere) | Ierland |
| | Bridget O'Donnell | Vrou | Getroud | | 23 | | Ierland |
| | John O'Donnell | Seun | | 6 maande | | | Yorkshire, Leeds |
| | Mary Jackson | Skoonma | Weduwee | | 49 | Vroedvrou | Ierland |
| | George Jackson | Swaer | Ongetroud | 14 | | Vlaswerker (maak linnestof) | Ierland |
| | Bridget Larkin | Loseerder | Weduwee | | 50 | Bedelaar | Ierland |
| | Anne Larkin | Loseerder | Ongetroud | | 23 | Bedelaar | Ierland |
| | Michael Larkin | Loseerder | Ongetroud | 14 | | Vlaswerker | Ierland |
| Cherry Tree Yard 8 | Joshua Heselwood | Hoof | Getroud | 77 | | Arme (baie arm, kry geld van die gemeente - Plaaswerker) | Yorkshire, Morley |
| | Jane Heselwood | Vrou | Getroud | | 76 | Arme (baie arm, kry geld van die gemeente - Plaaswerker) | Yorkshire, Newton by Ouse |
| | William Grayson | Skonnseun | Getroud | 27 | | Algemene werker | Yorkshire, Leeds |
| | Hannah Grayson | Dogter | Getroud | | 25 | Kaartspinner (berei kartoen vir spon voor) | Yorkshire, Leeds |
| Cherry Tree Yard 10 | John Ackroyd | Hoof | Getroud | 36 | | Shoemaker | Yorkshire, Haworth |
| | Margaret Ackroyd | Vrou | Getroud | | 35 | | Yorkshire, Otley |
| | John Ackroyd | Seun | | 9 | | Skoollier | Yorkshire, Bradford |
| | Marry Anne Ackroyd | Dogter | | | 7 | Skoollier | Durham, Darlington |
| | Thomas Ackroyd | Seun | | 5 | | Skoollier | Yorkshire, Bradford |
| | Hannah Ackroyd | Dogter | | | 3 | Skoollier | Durham, South Shields |
| Cherry Tree Yard 14 | Agnes Connor | Hoof | Weduwee | | 60 | Skoonmaakster | Skotland |
| | Ellen Connor | Dogter | Ongetroud | | 30 | Vlasspinner | Cumberland, Wigton |
| | Edward Connor | Seun | Ongetroud | 26 | | Enjinwerker (werk met masjiene om materiaal te rek) | Yorkshire, Leeds |
| | James Connor | Seun | Ongetroud | 20 | | Klerewerker (berei materiaal voor) | Yorkshire, Leeds |
| | John Connor | Seun | Ongetroud | 16 | | Klerewerker (berei materiaal voor) | Yorkshire, Leeds |
| Cherry Tree Yard 18 | Charles Pritchard | Hoof | Getroud | 50 | | Arme (kleur materiaal) | Ierland |
| | Elizabeth Pritchard | Vrou | Getroud | | 40 | | Ierland |
| | John Prtichard | Seun | Getroud | 23 | | Messelaar/Arbeider | Ierland |

**VRAAG 4: VERANDERINGE TUSSEN 1750 EN 1850**

**HET DIE MFECANE SUID-AFRIKA IN DIE 1800's VERANDER?**

Die vroeë neëntiende eeu was 'n tydperk van oorlog en groot maatskaplike omwentelinge in die grootste dele van Suider-Afrika. Wat as die Mfecane (die Zoeloe-woord vir 'vergruis') of Difaqana (Sotho/Tswana-woord vir 'gehamer') bekend geword het, dateer uit 1818, toe die Zoeloe-staat onder die leierskap van Shaka begin uitbrei het deur buurvolke te verower. Alhoewel talle van die verowerde volke in die Zoeloe-staat geabsorbeer is, het ander gevlug of met hul eie veroweringstogte begin om 'n plek te vind waar hulle hul kon vestig.

**BRON 4A**

Dit is 'n uittreksel uit die *Readers Digest* wat die Mfecane verduidelik.

**Die *Mfecane* - feit of verdigsel?**

Suid-Afrikaanse skoolkinders is geslagte lank geleer hoe 'n tirannieke Zoeloe-koning met die naam Shaka verantwoordelik was vir een van die ergste eras van geweld tussen swart volkere in die geskiedenis van die subkontinent: die Mfecane (die 'vergruising').

Volgens die meerderheid vroeë historici, het Shaka sy manne opdrag gegee om elke teenstaander aan te val - beide groot en klein - nadat hy die magtigste leër in Afrika opgebou het. Die gevolg was vernietigend - tienduisende mense is doodgemaak, dosyne koningskappe is vernietig of in 'n nuwe, verowerende staat geassimileer, en groot dele van die hoëveld is ontvolk. Dit pas by die Afrikaners se siening van die geskiedenis, wat daarop aandring dat die Voortrekkers onbetwiste terrein betree het.

Selfs geskiedkundiges wat simpatiek gestaan het teenoor die stryd van Suider-Afrika se inheemse swart volke, het legitimiteit aan die Mfecane probeer verleen. Dit was, volgens een vooraanstaande historiograaf, 'n tyd van volksbou onder Afrika se gemeenskappe.

Teen die 1990's, het die meeste vooraanstaande historici egter tot die slotsom gekom dat die Mfecane nooit werklik bestaan het nie. Hoewel hulle saamgestem het dat daar wel onvredenheid onder die Afrika-gemeenskappe in Natal en op die hoëveld was, was hulle vas oortuig dat Shaka nie alleen hiervoor verantwoordelik gehou kan word nie.

Die mins kontroversiële onder die redes wat vir die ontwrigting aangebied word, is die droogte van die vroeë 1800's wat tot strawwe kompetisie vir hulpbronne gelei het. Die beskikbaarheid van gewere wat van wit handelaars verkry is, het ook tot die opkoms van oorlogsugtige leiers ('warlords') gelei, word beweer. Nog 'n veel meer kontroversiële teorie was dat die oorlog wat die subkontinent geteister het, veroorsaak is deur die sameval van imperialistiese pogings van die Britte in die Kaap om arbeid te verkry na die herorganisasie van die kolonie se arbeidswerwingstelsel en van die Portugese in Delagoabaai om slawe vir hul plantasies in Brasilië te verkry.

**BRON 4B**

Die geskiedkundige Julain Cobbing doen aan die hand dat die *Mfecane* deur eksterne faktore (slawehandel en slawe-ontvoerders) eerder as interne bronne (Shaka) veroorsaak is.

| |
|---|
| Cobbing beweer dat die oorloë en migrasies van die 1820's en 1830's hoofsaaklik veroorsaak is deur 'n stygende vraag na Afrika-slawe deur Europese handelaars en setlaars. Die argument hier is dat die slawehandel te Delagoabaai en die Thukela-deurgang eers aan die begin van die neëntiende eeu 'n oplewing begin toon het toe die vraag na slawehandel in Brasilië en ander markte toegeneem het. Afrika-leiers soos Zwide van die Ndwandwe het op die vraag na slawe gereageer deur aggressiewe ontvoeringsveldtogte in die suide van stapel te stuur om slawe te verkry, waar hulle in konflik met Dingiswayo se Mthethwa gekom het. Die nederlaag van die Mthethwa aan die hand van die Ndwandwe het die geleentheid gebied vir die opkoms van 'n nuwe staat, die Zoeloe-staat. Die opkoms van die Zoeloe-staat, in hierdie perspektief, word gesien as 'n defensiewe reaksie teen die slawehandelbedrywighede van Ndwandwe.<br><br>Behalwe dat die slawehandel stukrag verleen het aan die bewegings in die meeste van die kus- en hoëveldse gebiede in die vroeë neëntiende eeu, doen Cobbing ook aan die hand dat die wit penetrasie in Suider-Afrika in die vreoë neëntiende eeu - wat vernietigende gevolge vir die Afrika-gemeenskappe gehad het, aangevuur was deur die behoefte om die massiewe vraag na slawe-arbeid in die Kaap-kolonie op te los ... ten einde in die vraag van Kaapse blanke handelaars te voorsien, het beamptes en sendelinge ontvoeringsveldtogte georganiseer om Afrikane vir verkoop as slawe en werkers aan die Kaap in gevangenis te neem. Hierdie ontvoeringsveldtogte was ook verantwoordelik vir die kettingreaksie van geweld en vernietiging regdeur die subkontinent wat tot nuwe state aanleiding gegee het. |

*Copyright reserved* 

**BRON 4C**

Sommige Christen-sendelinge het vanaf die Kaap in die area inbeweeg. In sy dagboek-inskrywing in 1823 het een van hierdie sendelinge, Eerwaarde Hodgson, beskryf hoe hulle op 'n verlate dorpie afgekom het.

> Ons kon sien dat die mense hul huise vinnig verlaat het. Sommige van die huise was vernietig, terwyl ander in 'n half geruïneerde toestand agtergelaat is. Van ver af kon ons drie vet honde sien. Toe ons na die middel van die dorpie beweeg, het ons 'n klein kindjie gesien wat by 'n klein huisie gesit het met haar maer gesiggie wat deur die boonste deel van 'n klein karos wat dit bedek het, geloer het. Die kind was net 'n geraamte, en kon nie staan nie, so swak was sy. Sy moes reeds minstens vyftien dae daar deurgebring het sonder om met enigiemand te kan kommunikeer, en waarskynlik sonder enige voedsel. Die kind was 'n meisietjie van ongeveer ses jaar oud, en ons harte was gevul met medelye vir haar. Ek het die kopbeen en ander beendere van nog 'n kind ontdek. Dit lyk asof dit onlangs deur die honde of deur wilde diere opgegrawe is - 'n lotsbestemming wat die kind wat ons in ons sorg geneem het, ongetwyfeld ook binne 'n dag of twee sou gedeel het, as ons nie die dorpie besoek het nie.

**ERKENNINGS**

Uittreksels en visuele bronne wat in hierdie Addendum gebruik is, kom onder andere uit die volgende publikasies:

1. National Guideline Document on Assessment – Department of National Education.
2. Department of National Education, NCS Grades 10-12, Subject Assessment Guidelines, History, September 2005
3. *History for All Grade 10 Learners Book*, Nasou Publication, 2005.
4. *In Search of History Grade 10 Learner's Book*, Oxford University Press, 2005.
5. *Shuters History Grade 10 Learner's Book*, Shuter and Shooter Publishers, 2005.
6. *New Generation History Grade 10 Learner's Book*, New Generation Publishers, 2005.

Kopiereg voorbehou